

Vetplantjies

Christel Botes- Prince Albert Projekkoördineerder

Vetplantjies is algemeen bekend as geharde en geliefde klein vegter-plantjies in die Karoo. Hul oorleef wanneer baie ander plantsoorte al hul lewenslus verloor en die veld genadeloos vaal agterlaat. Reënwater is in ons wêreld gelyk aan liefde, seën en sorg en dan moet jy sien hoe verander die veld se vetplantjies in 'n lushof vir die oog.

Die *Foundation for Alcohol Related Research* (FARR) Prince Albert/Leeu Gamka is bevoorreg om in 2020 die projek te wees waarin daar 'n stimulerings- & ontwikkelingsprogram vir laerskoolkinders, gediagnoseer met leeruitdagings, geloods is. Die program is ontwikkel deur Liska Bunge, 'n Psigometris by FARR. Dit word "die Vetplantjies/the Succulents" program genoem, omdat ons kinders ook, soos die plantjies in die natuur, met liefde en die regte omstandighede kan floreer soos vetplantjies na milde reën. Sedert Januarie 2020 word die program weekliks deur die FARR span in Prince Albert en Leeu Gamka aangebied.

Natuurlik is daar nie 'n "one size fits all" kitsresep vir kinders en hoe om hulle te help nie, maar daar is min dinge wat nie met volgehoue toewyding, belangstelling en liefde aangeraak kan word nie.

As ouer, en een van die fasiliteerders van die program, het ek reeds baie geleer. Ek deel dus graag 'n paar basiese en eenvoudige vragies waarmee ons as ouers daaglik gesprekke met ons kinders kan aanknoop en hul sodoende kan wys dat ons in hul daaglikse doen en late en leefwêreld belangstel. Julle sal opmerk dat deel van die kuns is om vrae so te stel dat jou kind nie net ja of nee kan antwoord nie, maar bietjie moet uitbrei. Dit help om 'n gesprek aan die gang te sit en om die kind te help om te praat oor sy/haar ervarings:

- Wat het vandag in jou klas gebeur? (bv. hul het na 'n storie geluister en somme gedoen)
- Waaroor het die storie gegaan? (bv. dit was oor 'n hartseer

- krokodil en laat dan toe dat die kind uitbrei daaroor)
- Was al die klasmaats vandag by die skool gewees?
- Hoekom was hy/sy nie daar nie?
- Vertel my van iets nuuts wat jy vandag geleer het?
- Met watter maats het jy pouse gespeel?
- Wat het julle gespeel? (laat die kind vertel of hulle bv. wegkruipertjie gespeel het of tol gegooi het, of aan-aan gespeel het)
- Wat het vir juffrou laat glimlag vandag?
- Was iemand hartseer vandag?
- Hoe het jy vandag gevoel / hoe voel jy nou? (As die kind nog nie eintlik emosies ken nie, gee 'n paar basiese opsies soos bv. bang of hartseer of kwaad of gelukkig)
- Hoekom voel jy so?

Onthou roetine is geweldig belangrik vir ons kinders. Alhoewel roetine soms vir ons, as volwassenes, vervelig is, laat dit kinders veilig voel omdat hul weet wat van hul verwag word en hulle kan ook hul eie vordering daaraan meet, bv.

- Ek het my hare gekam
 - Ek het my tande geborsel
 - Ek het my skoolskoene self vasgemaak
 - Ek het my koffiebeker in die wasbak gesit"
- ens... en hierdie positiewe afmerk van die items wat ek wel gedoen het, laat die kind se eiewaarde onbewustelik groei.

Ek, en die gemeenskapswerkers, Muschke Hendricks & Moira Prins, hoop om binnekort weer op ons pos in die gemeenskap te wees – net sodra ons almal saam die COVID-19 pandemie oorkom het. Kom loer dan gerus by ons in vir 'n koppie tee/koffie en om te gesels oor wat ons werksaamhede behels:

Leeu-Gamka, Asterstraat 27, Cell: 074 739 0350 / Prince Albert, Kwikkiestraat 19. Cell.:079 310 9960

Intussen bly veilig, bly tuis en geniet die spitsvondighede van jul kinders. ■

